SVR 3/1/2

GEHEIM

Notule van SVR 5/79

STAATSVEILIGHEIDSRAAD : 12 MAART 1979

5

BESLUITE

1. Pretoriuskomitee

A. Geval Luyt

Mnr Pretorius doen verslag oor huidige stand van sake vir sover dit mnr. Luyt aangaan.

Na bespreking en verwysing na die feit dat die kontrak wat met mnr Luyt aangegaan is volgens die mening van twee senior advokate ongeldig (invalid) is, word besluit dat -

(a) Minister Horwood die nodige stappe moet doen om wetgewing in te dien waarvolgens die ongemagtigde (unlawful) uitgawes van ongeveer R64 miljoen gemagtig (lawful) word; en

(b) die tjeks wat mnr Luyt aangebied (offered) het behou sal word en langs daardie weg geprobeer sal word om die meeste moontlike geld vir die Staat te beveilig (protect).

B. Geval Rhoodie

Mnr Pretorius lig die Staatsveiligheidsraad in oor onderhoude wat hy met dr Rhoodie se prokureur en sy broer gehad het oor mnr Josias van Zyl.

Die Eerste Minister deel die Raad mee dat mev Van Zyl oor die naweek met hom per telefoon wou kontak maak en dat sy ook met die Speaker van die Volksraad geskakel het.

2 / ...

30.8.79

Besluit

Die Pretoriuskomitee moet 'n dokument opstel wat die huidige stand van sake weergee en waarin die positiewe aspekte uitgelig word. Die Eerste Minister wil die dokument ter Tafel lê. Die dokument moet oorsigtelik van die hele veld wees en moet in publiseerbare vorm wees.

2. Minister Kruger

Genl Geldenhuys en brig Coetzee gee 'n oorsig oor die stappe wat gedoen word om terrorisme te bekamp.

3. Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag

A. Ten opsigte van Suidwes-Afrika

Genl Malan gee 'n oorsig oor invalle in Angola en Zambië.

B. Ten opsigte van Rhodesië

Genl Malan gee 'n oorsig oor sy besoek aan Rhodesië oor die afgelope naweek.

Besluit

(a) Beginselgoedkeuring word verleen vir die verlening van hulp by wyse van helikopters aan Rhodesië op 'n openlike wyse tydens die verkiesing. Rhodesië moet amptelik en openlik die hulp vra en dit sal aangebied word.

(b) Offisiere van die Suid-Afrikaanse Weermag kan aan Rhodesië geleen word om hulle behulpsaam te wees met die skryf van 'n strategie.

(c) Die SAUK sal hulp moet verleen met die beïnvloeding van Rhodesiërs om aan die verkiesing deel te neem.

3 / ...

4. Buurstate

Die Werkkomitee moet by die eersvolgende vergadering op 26 Maart 1979 riglyne vir strategië ten opsigte van Zambië, Mosambiek en die BSL-lande aan die Staatsveiligheidsraad voorlê.

Die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, moet by die saak betrek word.